# EDITORIAL

# REDAKSIONEEL



Who would ever have thought that history would earn the sobriquet – cool? In our main article on page 10, Dr Francois Verster expounds on the latest development for learners on the Internet. A group of young and talented people embarked on a project, the essence of which was to publish the popular **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika**, written by Hermann Giliomee and Bernard Mbenga, on the Internet. A free publication, available both in English and Afrikaans, it has at this stage already received more than 1000 articles from the many amateur historians who have a story to tell. A remarkable and innovative project that brings history alive but which categorises people like myself and Francois in the grey-haired group he refers to in the article who found history to be a wonderful subject but were distinctly unimpressed with the presentation format.

Also indicative of our vintage is my reaction to and knowledge of the current piece of technological wizardry, namely Skype. Skype is all the rage – I know about it, I commissioned an article on it but up to now I've still to use it. But, for the computer boffins in your midst, our systems librarian Vusi Tafu's article on Skype on page 27 will be a delight and inspiration. I am certainly inspired, but yes . . . still intimidated.

Our *Insider's View* series this month features – amongst others, ourselves – the Promotion and Publications Section! We resort under General Services which also controls the Central Reference and the Human Resources sections. Meet the faces behind the voices and read more on page 29 about the unit that are yet another cog in the big Library Service wheel.

It does seem like just the other day that we celebrated Library Week 2010 but to help librarians prepare for 2011, enjoy the preview of next year's plans on page 9.

I say cheers with a question for our readers – Cats in libraries? How many of you have a library cat? Enjoy *Cats in literature* on page 12. And let us have some feedback please.

Wie sou ooit kon dink dat geskiedenis as `cool' beskryf kan word? Dr Francois Verster vertel op bladsy 10 van die jongste ontwikkeling op die Internet wat op leerders gerig is. 'n Talentvolle groepie jong mense het 'n innoverende projek die lig laat sien deur die **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika** deur Hermann Giliomee en Bernard Mbenga op die Internet te publiseer. Hierdie gratis webwerf is in beide Afrikaans en Engels beskikbaar en het tot dusver meer as 1000 artikels ontvang van talle amateur-historikusse wat 'n storie het om te vertel. Dit is 'n uitsonderlike en innoverende projek wat die geskiedenis laat lewe maar wat mense soos ek en Francois onmiddellik in die gryskopbrigade kategoriseer. In ons dae was geskiedenis ook 'n wonderlike onderwerp maar soms was die aanbieding maar uiters droog.

'n Ander onderwerp wat ons 'wyse' grysheid helder laat uitstaan is my kennis en reaksie oor die jongste tegnologiese wonderwerk – Skype. Almal `skype' orals en altyd - ek is bewus daarvan, ek het selfs 'n artikel daaroor aangevra maar tot op hede het ek nog nie self `ge-skype' nie. Maar, vir die slimmes onder julle sal ons stelselbibliotekaris Vusi Tafu se artikel oor Skype op bladsy 27 verseker 'n heerlike leeservaring en inspirasie wees. Ek is werklik geïnspireer maar nou ja . . . steeds geïntimideer.

In *So maak ons* op bladsy 29, val die kollig hierdie maand op Algemene Dienste - onder andere, Promosie en Publikasies. Maak nader kennis met die gesigte agter die `boekgordyn' en lees meer oor die afdeling wat net nog 'n rat in die groot Biblioteekdienswiel is.

Dit voel soos gister toe ons Biblioteekweek 2010 gevier het, maar om bibliotekarisse te help om vir 2011 voor te berei kan lesers gerus die voorskou van volgende jaar se planne op bladsy 9 geniet.

Ek groet met 'n vraag aan ons lesers – Katte in biblioteke? Hoeveel van ons biblioteke het 'n biblioteekkat? Geniet *Cats in Literature* op bladsy 12 en gee ons 'n bietjie terugvoering asseblief.

Grizéll


*Editor • Redakteur*
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

*Sub-Editor • Subredakteur*
Renee Cohen
Tel: (021) 483-2234

*Layout / Photography*
*Uitleg / Fotografie*
Olivia Forshaw

*Administration and Advertising*
*Administrasie en Advertensies*
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

*Web site • Webtuiste*
www.capegateway.gov.za/library

*E-mail • E-pos*
capelib@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

*Address • Adres*
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

*Indexed in • Geïndekseer in*
LISA (Library and Information Science Abstracts)

*Reproduction and Printing*
*Reproduksie en Drukwerk*
Amazon Media

*Cover design • Omslagontwerp*
Jack Russell Design



© Library Service © Biblioteekdiens



SA ISSN 0 008 5790


***Editorial policy***

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

***Redaksionele beleid***

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn tweemaandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.


Department of Cultural Affairs and Sport
Departement van Kultuursake en Sport